



Verwysing: 20190827-8480
Lêernommer: 13/7/1/2
Navrae: C Klopper

Assesseringsbestuurminuut: 0008/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Spesiale toegewing vir graad 12-leerders wat die tegniese rigting volg en ander leerders wat vir Fisiese Wetenskappe sonder Wiskunde ingeskryf het

1. Dit het onder die aandag van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) gekom dat sommige leerders nie aan die vereiste vakkombinasies voldoen nie.
2. Daar is leerders in graad 12 wat die tegniese rigting volg wat:
 - a) vir Wiskundige Geletterdheid geregistreer het in plaas van Wiskunde of Tegniese Wiskunde;
 - b) nie vir Fisiese Wetenskappe of Tegniese Wetenskappe geregistreer het nie; en
 - c) nie vir Ingenieursgrafika en -ontwerp (IGO) geregistreer het nie.
3. Daar is ook leerders wat vir Fisiese Wetenskappe met Wiskundige Geletterdheid ingeskryf het in plaas van Wiskunde.
4. Let daarop dat die leerders waarna in paragraaf 2 en 3 hierbo verwys word, nie uitslae sal ontvang nie. Hierdie leerders sal ook nie in die graad 12-jaar deur Umalusi gesertifiseer word nie.
5. Aangesien hierdie leerders **verkeerdelik** deur skole geadviseer is, het die Nasionale Minister van Basiese Onderwys 'n spesiale toegewing toegestaan wat **slegs op die huidige graad 12-leerders in 2019** van toepassing is, waarna in paragraaf 2 en 3 verwys word.
6. Hierdie toegewing **sal nie** ná 2019 **verleng word nie**.

7. Hierdie toegewing is **nie van toepassing** op enige graad 10- of 11-leerder wat die verkeerde vakkombinasie aanbied **nie**.
8. Inligting op SOBIS dui aan dat daar graad 10- en 11-leerders is wat tans vakkombinasies aanbied, waarna in paragraaf 2 en 3 verwys word.
9. Prinsipale word versoek om gebruik te maak van die foutverslagfunksie op SOBIS om graad 10- en 11-leerders te identifiseer wat tans vakkombinasies aanbied wat nie aan die beleidvereistes voldoen nie.
10. Daar word van enige graad 10- of 11-leerders verwag om hul vakaanbiedinge in ooreenstemming met die voorgeskrewe vakkombinasies te verander terwyl hulle nog in graad 10 of 11 is, aangesien hierdie leerders nie uitslae sal ontvang of deur Umalusi gesertifiseer sal word nie.
11. Prinsipale word ook vriendelik versoek om toe te sien dat wanneer leerders hul vakkeuses in graad 9 maak, dit aan die toelatingsvereistes vir die Verdere Onderwys en Opleiding-fase in graad 10 tot 12 voldoen.
12. Bring asseblief hierdie inligting onder die aandag van alle graad 10- tot 12-leerders, onderwysers en ouers.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2019-08-30